

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

**Van Vuuren v Esterhuizen NO en 'n Ander
(481/94) [1996] ZASCA 72; 1996 (4) SA 603
(SCA); [1996] 4 All SA 430 (A); (31 May 1996)
[1996] ZASCA 72**

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

C.T. Howie, E.M. Grosskopf, Vivier, Marais, Plewman

CASE / FILE NUMBER

481/94

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

2

Na afhandeling van pleitverrigtinge ooreenkomstig artikel 119 van die Strafproseswet, 51 van 1977 teen 'n sekere beskuldigde het die Prokureur-generaal laat weet dat hy weier om hom op daardie stadium te vervolg. Nietemin het die Prokureur-generaal hom later laat dagvaar om by 'n geregtelike doodsondersoek te getuig.

Die vraag by hierdie app l is of die hou van 'n geregtelike doodsondersoek in daardie omstandighede regtens bevoeg was en, indien wel, of dit nie op misbruik van reg neergekom het nie. Die Hof a quo (Mynhardt en Joffe RR in die Transvaalse Provinsiale Afdeling) het gemeen dat dit wel regtens bevoeg was. Misbruik van reg is nie daar geopper nie. Die uitspraak van die Hof benede is gerapporteer : sien Van Vuuren v Esterhuysen NO en 'n Ander 1 994 (1) SASV 527 (T); 1994 (3) SA 395 (T).

In die Hof a quo het die huidige appellant (die voormalige beskuldigde in die artikel 119 verrigtinge)

"Die hersieningsaansoek spruit voort uit die dood van mev Hermina Elizabeth van Vuuren ('die oorledene'). Die applikant vra vir die tersydestelling van eerste

respondent se besluit om 'n geregtelike doodsondersoek na die dood van die oorledene in te stel. Dit is nie in hyperlink dat die oorledene op 25 April 1992 in haar en die applikant se woonhuis in die distrik van Oberholzer met 'n vuurwapen gedood is nie. Op 14 Julie 1992 is die applikant in verband met die oorledene se dood gearresteer. Applikant het ook dieselfde dag in die landdroshof vir die distrik van Oberholzer verskyn. Volgens die klagstaat en die latere verrigtinge blyk dit dat die verrigtinge wat teen applikant ingestel was verrigtinge in terme van art 119 van die Strafproseswet 51 van 1977 was. Die verrigtinge is op 14 Julie 1992 uitgestel na 29 Julie

1992. Op laasgenoemde datum is twee klagtes aan die applikant gestel, naamlik 'n klagte van moord op die oorledene en, tweedens, 'n klagte van roof van die oorledene se vuurwapen. Die applikant het onskuldig gepleit op albei klagtes. Die applikant het in terme van art 115 van die Strafproseswet verkies om nie 'n verklaring wat die grondslag van sy verdediging aandui, te maak nie. Die landdros het die verrigtinge gestaak ingevolge art 122(1) van die Strafproseswet en die saak verdaag in afwagting van die beslissing van die tweede respondent. By twee verdere geleenthede is die saak verdaag. Op 27 Januarie 1993 is die applikant meegedeel deur die landdros dat die tweede respondent 'weier om hom op di stadium te vervolg'. Applikant is ook meegedeel dat 'n geregtelike doodsondersoek na die dood van die oorledene gehou sou word.

In 'n brief gedateer 22 Januarie 1993 gerig deur tweede respondent aan die landdros van Oberholzer word die landdros meegedeel van die tweede respondent se besluit wat, soos vermeld, op 27 Januarie 1993 aan die applikant oorgedra is. Die landdros word verder

'al die verklarings, stukke en inligting wat in art 4 van Wet 58 van 1959 vermeld word aan die landdros voor te l , sodat die landdros ingevolge art 5 van gemelde Wet 'n ondersoek na die omstandighede en oorsaak van die sterfte kan instel'.

Die tweede respondent het die landdros voorts in die brief versoek om sekere getuies te dagvaar om mondelinge getuienis 'in die algemeen by die ondersoek af te l ' indien die landdros sou besluit om 'n geregtelike doodsondersoek te hou. Die applikant en lede van sy gesin maak deel van die genoemde getuies uit. Die brief eindig met 'n versoek aan die landdros om ongeag die bepalinge van art 17(1) van die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke 58 van 1959, die notule van die geregtelike doodsondersoek na afhandeling van die ondersoek aan tweede respondent voor te l . Op 3 Februarie 1993 word die eerste respondent aangewys om die geregtelike doodsondersoek na die dood van die oorledene in te stel. Op 24 Februarie 1993 word die verklarings en stukke hierbo vermeld aan die eerste respondent gestuur. Op 3 Maart 1993 het die eerste respondent sekere opdragte uitgereik in verband met die hou van die geregtelike doodsondersoek. Daar is onder andere bepaal dat mondelinge getuienis gedurende die tydperk 21 Junie 1993 tot 25 Junie 1993 te Oberholzer aangehoor sou word.

Op 21 Junie 1993 en by die aanvang van die verrigtinge voor hom, is eerste respondent namens applikant versoek om nie met die geregtelike doodsondersoek voort te gaan nie. Di aansoek is gebaseer, eerstens, op die feit dat 'n strafgeding reeds teen applikant ingestel sou gewees het en dat daar gevolglik regtens geen grondslag bestaan vir die hou van 'n geregtelike doodsondersoek nie. Tweedens is dit aangevoer dat 'n

geregtelike doodsondersoek die applikant se reg teen selfinkriminasie sou skend en derdens is dit aangevoer dat die hou van die geregtelike doodsondersoek applikant se reg op 'n spoedige verhoor skend. Na aanhoor van betoog het eerste respondent die aansoek afgewys en besluit om voort te gaan met die hou van die geregtelike doodsondersoek. Die applikant se regsverteenvoerders het eerste respondent versoek om die aangeleentheid te verdaag ten einde sy beslissing op hersiening te bring. Die verrigtinge is toe verdaag en op 24 Junie 1993 is die

huidige aansoek geloods."

Die betoog wat namens appellant voor eerste respondent aangevoer is, is voor die Hof a quo en ook in die betoogshoofde in hierdie Hof herhaal. Appellant se advokaat in hierdie Hof, wat nie die betoogshoofde opgestel het nie, het betoog dat die prosedure wat deur tweede respondent gevolg is nie net regtens onbevoeg was nie maar ook op misbruik van reg neergekom het.

Alvorens met die submissies namens appellant gehandel word is dit egter gepas om na sekere bepalings van die Wet op Geregtelike Doodsondersoeke, 58 van 1959, ("die Wet") te verwys.

Artikel 2 verplig iemand wat 'n onnatuurlike dood vermoed om aan die polisie verslag te doen. Indien die polisie daardie vermoede deel, moet hulle die sterfgeval ondersoek. Ingevolge artikel 4 moet al die beskikbare inligting betreffende 'n sterfgeval deur die ondersoekbeampte aan die staatsaanklaer verstrek word.

Die bepalings van artikel 5, vir so ver hulle hier ter

sake is, lui soos volg:

"(1) Indien 'n strafgeding in verband met die sterfgeval of beweerde sterfgeval nie ingestel word nie, moet die staatsaanklaer bedoel in artikel 4 daardie verklarings, stukke en inligting wat aan hom voorgel is, aan die landdros van die betrokke distrik voorl .

(2) Indien dit aan die landdros op grond van die inligting ingevolge subartikel (1) aan hom voorgel , blyk dat 'n sterfgeval voorgekom het en dat daardie sterfgeval nie aan natuurlike oorsake toe te skryf is nie, moet hy, behoudens die voorskrif te van die Minister, die stappe doen wat nodig is om te verseker dat 'n geregtelike doodsondersoek na die omstandighede en oorsaak van die sterfte deur 'n regterlike beampte ingevoige artikei 6 ingestel word:"

8

Wat getuies en getuienis by 'n doodsondersoek aanbetref, lui artikels 8, 10 en 11 soos volg:

"8. (1) Die regterlike beampte wat 'n geregtelike doodsondersoek waarneem of staan waar te neem, kan uit eie beweging of op versoek van iemand wat 'n wesenlike en besondere belang in die uitslag van die ondersoek het enigiemand laat dagvaar om by die ondersoek getuienis af te l of om 'n dokument of saak voor te l : Met dien verstande dat bedoelde regterlike beampte, indien aldus versoek deur die prokureur-generaal binne wie se regsgebied die ondersoek ingestel word of staan te word, persone of 'n bepaalde persoon moet laat dagvaar om mondelinge getuienis in die algemeen of ten opsigte van 'n bepaalde aangeleentheid by die ondersoek af te l . (2)

Behoudens andersluidende bepalings van hierdie Wet, is die wetsbepalings aangaande strafverhore mutatis mutandis van toepassing op die oproeping van getuies by 'n geregtelike doodsondersoek, hul ondervraging, die afneem van die getuienis deur hulle afgel , die betaling van toelaes aan hulle en die voorlegging van dokumente en sake.

10. (1) Tensy daar van die afl van mondelinge getuienis kragtens hierdie Wet afgesien word, of die betrokke regterlike beampte kragtens subartikel (2) anders gelas, moet 'n geregtelike doodsondersoek in die openbaar geskied.
- (2) Indien dit aan die regterlike beampte wat 'n geregtelike doodsondersoek waarneem, blyk dat dit in belang van die veiligheid van 'n getuie of van die goeie orde of van die regspleging sal wees dat -
- (a) die ondersoek agter geslote deure gehou

9

word; of (b) die aanwesigheid van 'n bepaalde persoon nie wenslik is nie, kan daardie regterlike beampte gelas dat lede van die publiek in die algemeen of van 'n bepaalde kategorie, of daardie bepaalde persoon, nie by die ondersoek of 'n deel daarvan teenwoordig mag wees nie.

- (3) Indien dit aan die regterlike beampte wat 'n geregtelike doodsondersoek waarneem, blyk dat die veiligheid van 'n persoon in gevaar gestel kan word indien hy by die ondersoek getuig, kan daardie regterlike beampte gelas dat die identiteit van daardie persoon nie openbaar mag word nie, of dat dit nie openbaar mag word nie vir die tydperk of behalwe op die voorwaardes wat daardie regterlike beampte bepaal.
- (4) Iemand wat versuim om aan 'n lasgewing kragtens subartikel (2) of (3) te voldoen, is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R4 000 of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens een jaar of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.
11. (1) Die staatsaanklaer of iemand wat deur die regterlike beampte wat 'n geregtelike doodsondersoek waarneem of staan. waar te neem, aangewys word om in sy plek op te tree, kan 'n getuie wat by daardie ondersoek getuienis afl , ondervra.
- (2) Enigiemand anders wat die regterlike beampte oortuig dat hy 'n wenslike en besondere belang in die uitslag van die ondersoek het, kan persoonlik of deur middel van 'n advokaat of prokureur die vrae wat die regterlike beampte toelaat, stel aan 'n getuie wat by die ondersoek getuienis afl ."

in terme van artikel 16(2) moet die regterlike beampte

10

'n bevinding maak onder andere of die dood veroorsaak is deur 'n handeling of versuim wat prima facie 'n misdryf "aan die kant van iemand insluit of uitmaak". Indien hy nie in staat is om daardie bevinding (of die ander in die subartikel vermelde bevindings) te maak nie moet hy ingevolge artikel 16(3) di feit boekstaaf.

Artikel 17(1) vereis dat die notule van die verrigtinge aan die Prokureur-generaal voorgel word ingeval van 'n bevinding ingevolge artikel 16(3), of 'n bevinding dat die dood die gevolg was van wat prima facie 'n misdryf was, of waar die Prokureur-generaal voorlegging versoek. Kragtens artikel 17(2) kan die Prokureur-generaal die regterlike beampte versoek om die doodsondersoek te heropen vir die neem van verdere getuienis f oor die algemeen f ten opsigte van 'n bepaalde aangeleentheid.

Laastens, vir huidige doeleindes, is daar artikel 21. Die bepalings daarvan lui soos volg:

" (1) Die bepalings van hierdie Wet word nie so

11

uitgel nie dat hulle die instel van 'n strafgeding teen iemand belet, of dat hulle 'n daartoe gemagtigde persoon belet om 'n lasbrief vir die inhegtenisneming van iemand uit te reik of om iemand in hegtenis te neem, in verband met 'n sterfgeval, hetsy 'n geregtelike ondersoek ten opsigte van daardie sterfgeval 'n aanvang geneem het al dan nie. (2) Wanneer die regterlike beampte wat die geregtelike doodsondersoek waarneem of staan waar te neem, te wete kom dat 'n strafgeding ingestel word of staan te word in verband met 'n sterfgeval ten opsigte waarvan stappe in verband met 'n geregtelike doodsondersoek gedoen is, moet hy sodanige stappe staak."

Om nou met die betoog namens appellant te handel, is daar in die eerste plek, aan die hand van die bepalings van artikel 5, aangevoer dat 'n doodsondersoek slegs gemagtig word in die situasie waar 'n strafgeding nie ingestel word nie. in die onderhawige geval, aldus hierdie betoog, is 'n strafgeding, in die vorm van die verrigtinge ingevolge artikel 119 van die Strafproseswet, wel ingestel en gevolglik was die instelling van 'n doodsondersoek daarna regtens onbevoeg.

Die korrektheid van hierdie submitisie hang af van wat

12

die wetgewer met die woord "strafgeding" bedoel het. Dit word nie in die Wet omskryf nie. In die Engelse teks word die uitdrukking "criminal proceedings" gebruik. Die antwoord is te vinde in die aard en oogmerk van 'n doodsondersoek soos blyk uit die bepalings van die Wet wat hierbo na verwys is en soos in Marais NO v Tiley 1990 (2J SA 899 (A) verduidelik is. Die betrokke dictum verskyn te 901F - 902C en lui soos volg: " The underlying purpose of an inquest is to promote public confidence and satisfaction; to reassure the public that all deaths from unnatural causes will receive proper attention and investigation so that, where necessary, appropriate measures can be taken to prevent similar occurrences, and so that persons responsible for such deaths may, as far as possible, be brought to justice. In this respect I am in full agreement with the views expressed by Ciili JP and Marais J in Timol and Another v Magistrate, Johannesburg, and Another 1972 (2) SA 281 (T) at 287H

- 288A that

'for the administration of justice to be complete and to instil confidence, it is necessary that, amongst other things, there should be an official investigation in every case where a person has died of unnatural causes, and the result of such investigation should be made known. Therefore the Inquests Act provides that, if there is reason to believe that a death has occurred, that such death was not due to natural causes and that it was not followed by the institution of criminal

13

proceedings, there shall be an inquest as to the circumstances of the death' and further (at 292A-B) that

'the inquest must be so thorough that the public and the interested parties are satisfied that there has been a full and fair investigation into the circumstances of the death'.

To my mind it is axiomatic that public confidence and satisfaction would normally best be promoted by a full and fair investigation, publicly and openly held, giving interested parties an opportunity to assist the

magistrate holding the inquest in determining not only the circumstances surrounding the death under consideration, but also whether any person was responsible for such death. A full and fair investigation presupposes adherence to basic principles of procedure, and would in the normal course require the hearing of viva voce evidence. That justice must be seen to be done is no less a truism in the holding of inquests than it is in the hearing of trials."

Weliswaar verskil 'n doodsondersoeken 'n strafgeding voortvloeiende uit dieselfde onnatuurlike sterfgeval daarin dat die vraag by eersgenoemde is, onder andere, of strafregtelike aanspreeklikheid aan die kant van 'n persoon, bekend of onbekend, prima facie bevind kan word terwyl by laasgenoemde die vraag is of strafregtelike aanspreeklikheid aan die kant van die betrokke beskuldigde

14

buite redelike twyfel bevind kan word. Maar in die lig van die pasaangehaalde dictum in *Marais NO v Tiley* is dit duidelik dat wat beide vorms van proses in gemeen het, is 'n openbare ondersoek na die omstandighede van 'n dood, wat die voorlegging en opweging van getuienis behels, welke ondersoek dan op 'n bevinding uitloop (ongeach of dit 'n positiewe of 'n negatiewe is) met betrekking tot sodanige omstandighede en die bestaan al dan nie van strafregtelike aanspreeklikheid. Gevolglik is dit nie net verstaanbaar dat artikel 21 (2) van die Wet bepaal dat die twee nie tegelykertyd moet plaasvind nie, maar in die lig van die vereisde ondersoek en bevinding verg 'n behoorlike uitieg van "strafgeding" en "criminal proceedings" in artikels 5 en 21 van die Wet na my mening dat die beoogde strafprosedure drie eienskappe in besonder moet hê. Hulle is: 'n ondersoek na die feite, 'n opweging van die voorgelegde getuienis en 'n bevinding met betrekking tot strafregtelike aanspreeklikheid. Klaarblyklik het 'n

15

strafverhoor daardie eienskappe maar verrigtinge ingevolge

artikel 119 van die Strafproseswet nie. Die prosedure ingevolge artikel 119 is nie deel van die strafverhoor self nie, maar 'n voorverhoorproses: S v Singh 1990 (1) SA 123 (A) te 130 E-F; S v Mabaso [1990] ZASCA 24; 1990 (3); SA 185 (A) te 202 D-E. Dit behels geen voorlegging van getuienis of ondersoek na die feite nie. By afsluiting kan die beskuldigde nie op 'n uitspraak aandring nie: S v Hendrix 1999 (3) SA 816 (D) te 818 C-F. Die proses loop dus op geen bevinding uit nie: Hiemstra, Suid-Afrikaanse Strafproses, 5de uitgawe, te 330. Bygevolg beteken "strafgeding" en "criminal proceedings" in die Wet 'n strafverhoor en was die verrigtinge wat die onderhawige doodsondersoek voorafgegaan het dus nie 'n strafgeding nie. Instelling van die doodsondersoek is dus deur niks in artikel 5 belet nie.

Ek mag net die aandag daarop vestig dat die vraag mag ontstaan of dit op 'n strafgeding vir doeleindes van die Wet sou neerkom waar, byvoorbeeld, na pleit, die vervolging

16

sonder aflegging van getuienis namens die Staat gestaak word. En indien die antwoord bevestigend sou wees, sou die verdere vraag wees of artikel 5 dan 'n doodsondersoek belet. Daardie vrae hoef nie tans beslis te word nie.

Appellant se tweede submitisie word op die bepalinge van artikel 21(2) gegrond. Uit die onderhawige feite moet noodwendig afgelei word, aldus die betoog, dat tweede respondent voornemens was, en nog steeds is, om na afhandeling van die doodsondersoek appellant onverwyld te vervolg. Dit synde die geval, moes eerste respondent ongetwyfeld die kennis besit het dat 'n strafgeding ingestel word of staan te word en behoort hy die gebiedende bepaling van artikel 21(2) te gehoorsaam het en die doodsondersoek dus te gestaak het.

Die oorweging waarop in hierdie opsig gesteun word, is dat die besluit om appellant nie "op di stadium" te vervolg nie by duidelike implikasie slegs van tydelike toepassing was. Wat hierdie aspek betref, s tweede

17

respondent in sy opponerende eedsverklaring voor die Hof a quo die volgende:

6. Aangesien 'n besluit om nie te vervolg nie, nie 'n staking van vervolging is nie en, sou dit te eniger tyd daarna blyk dat 'n suksesvolle vervolging wel ingestel kan word, is my beslissing bewoord dat ek weier om die beskuldigde op die huidige stadium te vervolg. Dit is beleid dat my beslissing so geformuleer word ten einde 'n beskuldigde nie onder 'n wanindruk te laat ten opsigte van enige vermeende finaliteit oor 'n vervolging nie."

Daardie verduldelyking kom vir my oortuigend voor. In die lig daarvan en in die afwesigheid van enige verdere getuienis wat die onderhawige betoogspunt steun, kan nie bevind word dat 'n strafgeding te enige tersaaklike tyd ingestel staan te gewees het nie.

Die derde en laaste submitisie in appellant se betoogshoofde is dat voortsetting van die doodsondersoek sy privilegie teen selfbeskuldiging sou skend asook sy reg op spoedige afhandeling van enige verhoor waarby hy die beskuldigde gaan wees. Soos reeds aangedui, is daardie

18

submitisie deur appellant se advokaat in hierdie Hof uitgebrei. Hy het aangevoer dat die prosedure wat tweede respondent in die onderhawige situasie gevolg het op misbruik van reg neerkom wat ernstige benadeling vir appellant en potensi le verdedigingsgetuies ten gevolg sou h . In hierdie verband is gesteun op wat in S v Mjoli 1994 (2); SA 815 (T), te 827 B-E ges is. Die betrokke passasie lui soos volg:

"Dit is duidelik dat vervolgings en geregtelike doodsondersoeke nie naas mekaar kan bestaan nie en dat die Staat in die geval van 'n onnatuurlike dood moet kies watter een van die twee prosedures hy wil volg. Sien De'Ath (substituted by Tiley) v Additional Magistrate, Cape Town 1988 (4) SA 769 (C) op 776C-D. Hoewel 'n vervolging na 'n geregtelike doodsondersoek ingestel kan word en 'n geregtelike doodsondersoek ingestel kan word en ingestel moet word as daar in die geval van 'n onnatuurlike dood nie met 'n vervolging voortgegaan word nie, behoort die Staat nie, as hy vermoedelik op voldoende gronde besluit het om iemand aan te kla, die vervolging terug te trek nie en 'n versoek dat 'n geregtelike doodsondersoek gehou word, met 'n lasgewing dat die persoon ondervra moet word te kombineer nie. Stap-vir-stap tree die Staat miskien binne sy regte op maar die resultaat is 'n misbruik van die proses. Dit kan nie ges word dat die Staat nie met die heropening van die geregtelike ondersoek

19

kan voortgaan nie, dit wil s langs die regte we nie, want die publieke belang in 'n openbare ondersoek na die oorsaak van 'n onnatuurlike dood, verkieslik met behulp van mondelinge getuienis bly oorheersend. Sien Marais NO v Tiley [1990] ZASCA 40; 1990 (2) SA 899 (A) op 902A-903F. Wat egter vas staan is dat die prosedure deur die Staat gevolg in die algemeen nie gevolg behoort te word nie. Die Staat moet 'n keuse tussen die twee prosedures maak en konsekwent by sy keuse bly."

Alhoewel dit altyd van belang is om toe te sien dat

misbruik van reg of misbruik van proses nie plaasvind nie, is dit onnodig vir huidige doeleindes om 'n mening aangaande die inhoud van hierdie passasie uit te spreek. In die eerste plek is die uitslag nie daarop gegrond nie maar op ander oorwegings. Die dictum was derhalwe obiter. In die tweede plek het die feite in daardie geval in wesenlike opsigte van die feite van hierdie saak verskil. In Mjoli se saak, nadat 'n sekere P en M in 'n landdroshof op 'n aanklag van moord onskuldig gepleit het, is die aanklag teruggetrek toe die Prokureur-generaal laat weet het dat hy weier om hulle op "hierdie stadium" te vervol. 'n Doodsondersoek is mettertyd deur die

20

Prokureur-generaal versoek. Die landdros wat die doodsondersoek waargeneem het, het op die be digde verklarings voor hom die bevinding genotuleer dat P en M prima facie die betrokke oorledene se dood veroorsaak het. Die Prokureur-generaal het toe stappe gedoen om di bevinding op hersiening kragtens die Strafproseswet tersyde gestel te kry met die doel dat die doodsondersoek heropen word en dat P en M gedagvaar word om mondeling te getuig sodat die aanklaer hulle kon kruisvra. Tersydestelling is geweier omdat die Prokureur-generaal ingevolge artikel 17(2) van die Wet in elk geval op heropening vir gemelde doel geregtig was. Die hierbo aangehaalde kommentaar dat sodanige heropening 'n misbruik van proses was, is essensieel gegrond daarop:

- (a) Dat die omstandighede die indruk geskep het dat die Prokureur-generaal die geleentheid gesoek het "om persone wat hy reeds besluit het om aan te kla te kan interrogeer" (te 826G); en

21

- (b) Dat hy vanwe die landdros se bevinding verplig was om P en M aan te kla (te 826 H-I). In die huidige saak bestaan daar nie soortgelyke omstandighede of dieselfde verpligting nie. Dit is onmoontlik om op die oorkonde tot die slotsom te geraak dat vervolging van appellant meer as net 'n spekulatiewe moontlikheid is. Niks regverdig dus die afleiding dat wettige magte vir 'n ongeoorloofde doel gebruik word nie.

Vir soverre die beweerde benadeling aanbetref, het appellant se advokaat daarop gewys dat appellant, sy huidige eggenote en ander potensi le verdedigingsgetuies wat almal gedagvaar is om by die doodsondersoek te getuig, daar gekruisvra sou kon word, 'n gevolg wat die Staat onmoontlik sou kon bereik deur appellant bloot te vervolg. Hierdie toedrag van sake sou tot skending nie net van gemelde privilegie lei nie, maar ook van appellant se reg, ingeval van vervolging, om te swyg. In wese, so lui die betoog, sou voortsetting van die doodsondersoek indruis

22

teen appellant se regte tot 'n billike verhoor soos verleen in artikel 25 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 200 van 1993.

Appellant se kommer kan maklik begryp word, maar die beweerde benadeling waarna ons verwys is, sou van presies dieselfde aard en strekking gewees het indien tweede respondent, soos hy by magte en geregtig was om te doen, die instelling van 'n doodsondersoek aan die gang gesit het sonder enige voorafgaande aanklag of artikel 119 verrigtinge. In laasgenoemde omstandighede sou appellant die onderhawige submitisie onmoontlik kon geopper het. Die beweerde nadele, indien hulle wel, regtens gesproke, nadele is, vloei eenvoudig voort uit die prosedure wat die Wet neerl . Hulle is nie aan tweede respondent se optrede te wyte nie. Dit moet onthou word dat tweede respondent 'n plig aan die publiek verskuldig is. Verantwoordelike uitvoering daarvan vereis vervolging waar die beskikbare getuienis 'n strafgeding regverdig, maar weiering om te

23

vervolg waar geen redelike vooruitsigte van 'n skuldigbevinding bestaan nie. En dit vereis, in die openbare belang, die instelling van 'n doodsondersoek waar 'n strafgeding nog nie ingestel is nie en die beskikbare getuienis nie sodanige geding regverdig nie. Niks sou myns insiens vinniger tot die redelike suspisie onder die publiek lei dat die owerhede besig is om feite te verbloem nie as dat daar geweier word om 'n vooraanstaande persoon (soos appellant blykbaar is) te vervolg en dat daar boonop versuim word om 'n doodsondersoek in te stel. Na my mening dus kom die prosedure wat in die onderhawige geval gevolg is nie op misbruik van reg neer nie.

Tydens die doodsondersoek sal appellant asook potensi le verdedigingsgetuies dus moet getuig. Hy sal egter gemelde privilegie h en hy sal dit met behulp van sy regsvertegenwoordiger kan uitoefen. Indien die voorsittende beampte op 'n antwoord sou aandrang wat die privilegie na bewering sou skend dan, en eers dan, sou appellant op

24

regshulp geregtig word f by wyse van gepaste hersieningsverrigtinge f by wyse van beswaar, ingeval van sy uiteindelijke vervolging, teen toelating teen hom van sy getuienis by die doodsondersoek. By ontstentenis van hersieningsverrigtinge sal die beweerde skending van die privilegie, van die reg van stilswye en die reg op 'n billike verhoor ingevolge artikel 25(3) van die Grondwet alles aangeleenthede wees (op die veronderstelling dat die Grondwet in die onderhawige geval in alle opsigte van toepassing is) wat eers geopper sal kan word as en wanneer appellant vervolg word. Respondente se advokate moet gelyk gegee word dat appellant se besware tans onder bespreking voorbarig is. Hierdie is nie die gepaste tyd of forum vir die aanhoor daarvan nie. Dit sal die verhoorregter wees wat sal moet toesien dat appellant se verhoor, indien enige, billik verloop deur onder andere in sy of haar diskresie getuienis uit te sluit wat, alhoewel tydens die doodsondersoek onder 'n wettige verpligting afgel is,

25

nietemin tot onbillikheid sal (of selfs mag) lei indien by die verhoor toegeiaat. Dlt is 'n geskil wat op die feite by die verhoor besieg sal moet word aangesien dit die verhoorregter is wat in die beste posisie sai wees om in die samehang van die ontwikkeling van die bewysreg daardie besluit te neem: *ferreira v Levin NO and Others* 1996 (1) SA 984 (CC) te 1077G - 1078B; 1091I - 1092A; 1097 D-F.

Vir ai die voorgaande redes kan appellant se finale submitisie ook nie slaag nie.

Appellant se advokaat het versoek dat ingeval van verwerping van daardie submitisie, ons die vraag of die prosedure deur tweede respondent gevolg in stryd was met die bepalinge van artikel 25(3) van die Grondwet, na die Konstitusioneie Hof verwys. Aangesien daardie vraag, volgens die besissing in *Ferreira se saak*, supra, met billikheidsoorwegings en die bewysreg te doen het, en derhalwe een vir die verhoorregter is, is daar myns insiens geen konstitusioneie vraag om ingevolge artikei 102(6) van

26

die Grondwet te verwys nie.

Uit hoofde van die voorgaande was die beslissing van die Hof a quo korrek. Die app l word van die hand gewys met koste.

C.T. HOWIE APP LREGTER E.M. GROSSKOPF AR] STEM SAAM VIVIER AR] MARAIS AR]
PLEWMAN WN AR] /al

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1996/72.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/van-vuuren-v-esterhuizen-unknown-topic-asca-1996--6a3ea5133b1caa912980ad89>

Prepared on 12 October 2026 · Esheria